## **Tipes waarneming [**36]

Fisiese Waarneming

Dit staan ook bekend as direkte waarneming van individue en persele. Dit sluit in voet-, voertuig- (m.b.t. individue) en statiese monitering (individue en persele).

Elektroniese Waarneming

Elektroniese waarneming berus op elektroniese toestelle soos kameras, mikrofone, GPS-toestelle en ander waarnemingsinstrumente om inligting in te samel. Elektroniese waarneming word tipies gebruik om gesprekke te onderskep, op te neem en aktiwiteite vas te lê.

Digitale (Internet) Waarneming

Nie alle misdade word persoonlik gepleeg nie. Dit is waar rekenaar / Internet waarneming inkom. Hierdie metode bestaan uit die monitering van 'n individu se rekenaargebruik, insluitend hul Internetgeskiedenis, e-posse en ander aanlynaktiwiteite.

Sosiale Media Waarneming

Inligting wat op sosiale media gedeel word, word nie beskerm deur 'n redelike verwagting van privaatheid nie; daarom kan ondersoekers 'n verdagte se sosiale media-aktiwiteit monitor om inligting oor hul aktiwiteite, belange en kontakte in te samel.

Finansiële Waarneming

Finansiële waarneming behels die monitering van finansiële transaksies en aktiwiteite om finansiële misdade soos geldwassery op te spoor en te voorkom. Finansiële monitering kan op individuele vlak of 'n korporatiewe vlak gedoen word.

Biometriese Waarneming

Biometriese waarneming gebruik verskeie vorme van tegnologie om individue te identifiseer op grond van fisiese eienskappe soos vingerafdrukke, gesigsherkenning of irisskanderings. CCTV is 'n algemene hulpmiddel wat in biometriese waarneming gebruik word.

**Voetwaarneming**

Een of meer individue kan voetwaarneming doen.

Enkel persoon waarneming is taamlik ingewikkeld om uit te voer, maar redelik maklik om op te spoor. Die waarnemer moet naby aan die teiken bly, veral in stedelike gebiede, om te verhoed dat hy hom of haar verloor. In gebiede waar daar minder mense op straat is, kan die waarnemer 'n groter afstand handhaaf, maar die gebrek aan ander voetgangers maak die monitering soveel meer opvallend.

Waarnemers maak soms gebruik van 'n vermomming om die waarnemer anders te laat lyk soos bv. pette, donkerbrille, ens. Moontlike gebruike van 'n vermomming kan 'n inkopiesak of 'n ander houer wees vir 'n verandering van klere. Vir opsporing, let op of die inkopiesak van 'n winkel is wat nie in die omgewing gevind word nie, of die houer lyk op een of ander manier uit plek uit.

Waar 'n vermomming vermoed word, let veral op na skoene, broeke of rompe. Hierdie items is moeiliker om te vervang om anders te lyk. In hysbakke, kyk uit vir mense wat vir jou wag om ‘n knoppie te druk en kies dan gewoonlik ‘n vloer net bo of net onder joune.

Twee-persoon waarneming is meer effektief in die sin dat die tweede waarnemer groter buigsaamheid bied. Normaalweg bly die een waarnemer naby die teiken terwyl die ander ene op ‘n groter afstand volg. Die tweede waarnemer word dikwels aan die oorkant van die straat ontplooi.

Die twee waarnemers verander van tyd tot tyd posisie om te verseker dat hul aktiwiteite nie ontbloot word nie. Ook om die teiken te verwar of te laat dink dat hy verkeerd was in sy observasies.

Volgehoue oplettendheid sal egter mettertyd wel die patroon optel.

Die gebruik van drie of meer waarnemers is die mees gesofistikeerde tegniek en is die moeilikste om te ontdek.

Oor die algemeen bly een waarnemer agter die teiken en naby genoeg om op enige skielike bewegings of roete veranderings te reageer. ‘n Tweede waarnemer bly agter die eerste aan dieselfde kant van die straat met die eerste waarnemer in sig. ‘n Derde waarnemer beweeg aan die teenoorgestelde kant van die straat parallel met of net agter die teiken. In gebiede waar die teiken beperkte roetes het om van te kies, kan een van die waarnemers selfs voor die teiken loop, waar hy of sy waarskynlik die minste agterdog sal veroorsaak.

Die posisies van die waarnemers word gereeld verander, meestal by kruisings. Die waarnemer direk agter die teiken kan na die teenoorgestelde kant van die straat beweeg, en derhalwe word al die posisies roteer. Indien ‘n waarnemer voel dat hy gekompromitteer is, val hy eenvoudig uit en word vervang met ‘n vierde persoon.

Die gebruik van hierdie gesofistikeerde tegniek vereis dat mense uiters waaksaam moet wees ,nie net vir die mense agter hulle nie, maar ook vir diegene aan die oorkant van die straat en miskien selfs voor hulle.

**Teenmaatreëls (voet)**

Die doeltreffendste metodes vir die opsporing van voet monitering sluit in:

- skielik stop en kyk na die agterkant,
- skielik omdraai en stap in die teenoorgestelde rigting,
- stop skielik nadat jy om 'n hoek gegaan het,
- kyk na refleksies in winkelvensters of ander reflektiewe oppervlaktes,
- gaan 'n gebou binne, verlaat dit onmiddellik weer deur 'n ander uitgang, wag buite en kyk wie volg,
- loop stadig en dan vinnig met tussenposes,
- laat val 'n stuk papier om te sien of iemand dit optel,
- klim in of verlaat 'n bus net voor dit begin vertrek,
- by ’n voetoorgang, bly staan sonder om oor te loop, dit sal vreemd wees as mense agter jou nie oorloop nie,
- maak skielike draaie of loop een of twee keer om die blok.

Terwyl jy hierdie aksies neem, kyk vir mense wat verras word, of onvanpas reageer, skielik van rigting verander, of ‘n sein gee. Kyk ook uit vir mense wat skynbaar met hulself loop en praat. Waarnemers maak van binne-oor kommunikasie stelsels gebruik om radio kontak met mekaar te behou. Waarnemers sal normaalweg nie direk na die teiken kyk nie, maar hulle kan dit doen as hulle verras word of onbewus daarvan is dat jy hulle sien.

Voet monitering word dikwels saam met voertuig monitering gebruik, aangesien dit waarskynlik is dat die teiken 'n kombinasie van voet en voertuig vervoer gaan gebruik. Voertuie wat gebruik word vir monitering is onopvallend in voorkoms en van kleur. Dakliggies word nooit gebruik nie om te sorg dat die voertuig se binnekant nie verlig word wanneer die deur in die donker oopgemaak word nie. Voertuie sal twee of meer mense in hê sodat daar iemand beskikbaar is wat kan begin met voet monitering indien nodig.

**Voertuigwaarneming**

Terwyl in beweging, gee die bestuurder volle aandag aan bestuur terwyl die tweede waarnemer die radio bedryf, foto's neem, kyk na die teiken, en maak aantekeninge oor die teiken se aktiwiteite. Soms sal dit nodig wees vir waarnemers om verkeersregulasies te verbreek om die teiken nie te verloor nie. As jy 'n voertuig agter jou sien wat verkeersoortredings begaan om in pas met jou te bly is daar rede vir agterdog.

Goed soos vinnige soms gevaarlike u-draaie, spoedgrens oortredings om op te vang en gevaarlike of skielike baanveranderinge in 'n  oënskynlike poging om tred te hou met jou, behoort jou natuurlik agterdogtig te maak oor daardie voertuig.

Die afstand tussen 'n moniteringsvoertuig en die teiken sal wissel afhangende van die spoed waarteen die voertuie ry en die hoeveelheid verkeer. Waarnemers sal probeer om een of twee voertuie tussen hulself en die teiken te hou.

Soos met voetmonitering, kan voertuigwaarneming onderneem word deur slegs een voertuig te gebruik of meer as een. Een-voertuig monitering het dieselfde nadele as 'n enkel persoon voetwaarneming. Die teiken sal opmerk as dieselfde voertuig te alle tye agter hom bly. Om hierdie probleem te oorkom kan waarnemers probeer om hulle fisiese voorkoms te verander deur bv. hoede op te sit, vervang of af te haal, baadjies, sonbrille, nommerplate, ens. Let op na wat agter jou aangaan, beide voertuig en die individue (meestal twee persone) in die voertuig.

Die gebruik van twee of meer voertuie laat waarnemers toe om gereeld van posisie te verander, of om heeltemal uit te val en weer agter te groepeer. Een voertuig (loods- of leiervoertuig genoem) sal agter die teiken beweeg (een of twee voertuie tussen-in) en die ander verder terug.  Die leiervoertuig sal al die ander op hoogte hou van

rigting (noord, oos, suid, wes) gevolg deur die straatnaam, ens. Sou die teiken êrens afdraai sal die tweede voertuig saamdraai terwyl die eerste ene later weer by die formasie aansluit.

Indien die teiken 'n vasgestelde roetine het maak dit die monitering baie makliker en kan waarnemers alternatiewe metodes gebruik wat moeiliker is om waar te neem. Byvoorbeeld, sou jy in 'n area woon of werk waar daar 'n gebrek in beskikbare roetes is, verander die modus operandi van die waarnemingspan. In hierdie geval kan daar twee voertuie ontplooi word met die plasing van een voor en een agter die teiken. Dit staan bekend as progressiewe waarneming. Die agterste voertuig sal 'n oog uithou vir enige afdraaie gemaak deur die teiken en dit aanteken.

Die volgende dag sal die voorste voertuig ook by daardie spesifieke pad / straat afdraai en dan word die proses oor tyd herhaal totdat die teiken se hele roete bekend is. Hierdie metode van waarneming is uiters moeilik om te identifiseer. Uit die aard van die saak sal hierdie metode van waarneming nie in landelike areas werk nie.

In landelike areas sal daar veel eerder van tegniese of statiese waarneming metodes gebruik gemaak word soos byvoorbeeld meeluistering, installering van fisiese meeluister apparaat, LPR (license plate recognition) stelsels, ens. GPS trackers word ook gereeld gebruik.

**Teenmaatreëls (voertuig)**

Die doeltreffendste metodes om die meeste vorme van voertuig monitering op te spoor, is:

- maak 'n skielike U-draai waar dit veilig is om dit te doen, kyk wie draai saam,
- maak 'n draai na regs of links (in die algemeen skep regsdraaie groter komplikasies vir waarnemers as gevolg van aankomende verkeer wat 'n draai kan vertraag),
- gaan deur 'n verkeerslig net soos dit rooi word, stop net verby 'n kurwe of heuwel, of sirkel om 'n blok, sommer twee keer, let op wat agter aangaan,
- ry byvoorbeeld meer as een keer om ‘n sirkel,
- let op na voertuie agter jou, ry alternatiewelik vinniger of baie stadiger en let op of voertuie verbygaan of bly sit.
- In landelike areas, stop by padstalletjies, let op wie verder af oortrek of skielik baie stadiger ry om vir jou te wag of op te vang.

**Statiese Monitering**

As jy staties is, dan is daar 'n goeie kans dat waarneming op jou ook staties sal wees. Kom ons neem die twee mees waarskynlike statiese plekke waar iemand jou kan vind – jou huis en jou werkplek. Dit is baie belangrik, want as jy doelbewus geteiken word, is dit 'n veilige weddenskap om te aanvaar dat jy gereeld of selfs op ‘n roetine-basis op een van daardie twee plekke gevind sal word.

Om uit te vind vanwaar waarneming kan plaasvind, plaas jouself in die skoene van 'n potensiële waarnemer, en probeer om uit te vind waar jy sal wees om iemand waar te neem.

Moenie net daaroor dink nie, maar sit werk daarin om dit te probeer identifiseer. Let op na maklike roetes na en van die potensiële uitkykpos. Verberging is belangrik. Ontbos 'n breë strook om jou huis buite jou veiligheidsheinings. Plasing van veiligheidsligte na buite is noodsaaklik vir nagtoestande.

In stede / dorpe let op na gerieflik geleë kafees, besige kruisings, bus of trein stasies, parke of bankies, ens. wat jou 'n goeie uitsig kan gee met voldoende dekking vir 'n lang tydsduur. Spits jou toe op sulke plekke eerder as om alles te probeer dop hou. Let ook op na voertuie wat geparkeer staan en persone wat net daar sit. Dit is nie asof hierdie mense wat in die voertuie sit, daar is vir die uitsig nie.

https://investigativeacademy.com/6-types-of-surveillance-for-investigations-explained/